

## SKRIFLESING

1 Joh 4:7-21

## PREDIKING

**Tema:** Liefde is:....

Liefde is ..... toe ek hierdie woorde by Google intik, het ek meer as 45 miljoen resultate in minder as ½ sekonde gekry. Deur eeue tot vandag toe nog het mense waarskynlik meer oor liefde gedink, geskryf, gedroom, gesing en gewonder as oor enige iets anders.

Wat is liefde? Ons hoef nie sleg te voel as ons wonder daaroor nie. Ons sien dat selfs Salomo daarmee gesukkel het. Hy skryf in Spr 30:18+19: "Daar is drie dinge, nee, vier wat bo my begrip is, wat ek nie verstaan nie: hoe 'n aasvoël in die lug bly, hoe 'n slang teen 'n rots op seil, hoe 'n skip op die diepsee vaar en hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk."

Een van die 4 dinge wat hy nie verstaan nie, is hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk. Maar ons kan dit nie net daar laat nie. Wat is liefde? Hoe lyk dit?

1 Joh 4 sê vir ons dat die liefde tussen man, vrou en familie en selfs nie eens die liefde wat ons vir God het, die volmaakte voorbeeld van liefde is nie. Dit bring vir ons terug by ons vraag: Wat of wie is liefde?

Is liefde 'n sjokolade wat ek gee, 'n passievolle ondersteuning van 'n rugbydsman of iets soos 'n teddie wat ek kan uithaal en bêre wanneer ek dit nodig het? Nee, dit is nie.

Kom ons gaan soek uit die Bybel die antwoord op die volgende vrae:

**Waar kom liefde vandaan? Waar is die vlam van liefde?**

**Hoe lyk liefde? Wat is die aard van liefde?**

**Wat is die doel van liefde?**

**Waar kom liefde vandaan?**

**Ons kan nie van liefde praat sonder om van God te praat nie. Liefde ontvlam by God.** Ons lees in

1 Joh 4:7: "Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God."

In 1 Joh 4: 8 en 16 lees ons: "God is liefde."

En dan lees ons ook in 1 Joh 4:9-10: "Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

As jy liefde wil sien, gaan staan langs die krip waar Jesus in liefde tot ons neergedal het. Kniel by die kruis waar Jesus in liefde in my en jou plek gesterf het. Jubel by die leë graf as bewys dat liefde alles oorwin. En kom na die doopvond waar God vir ons verseker: "Ek wil jou God wees en die God van jou nageslag."

God is liefde. Dit word sigbaar deur sy enigste Seun, Jesus Christus. Jesus Christus het versoening vir ons sondes bewerk. Versoening is die herstel van vrede en vriendskap. Hy het gekom om vrede en vriendskap tussen ons en God te herstel. Hy is ons Redder. Hy het die dood gekry wat ons verdien het en vir ons die lewe as geskenk gegee.

Deur Jesus Christus leer ons hoe liefde lyk. **Liefde is ..... die kruis van Jesus.**

En ons lees in 1 Joh 4:19: "Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."

Vir ware liefde vir mekaar moet ons by Hom, wat ons eerste liefgehad het, gaan aansteek. Hoe steek ons by Hom aan? Ons gee ons lewens en huwelike onvoorwaardelik aan Hom oor. Ons plaas God in beheer.

Hoe doen ons dit daagliks? Ons bestudeer sy Woord, bid saam, dien Hom, leef en werk saam vir Hom en soek saam die gemeenskap van gelowiges op.

In ons huwelike gaan leef ons die liefdesdriehoek met God in beheer en man en vrou op die onderste twee punte. Hoe nader ons aan God kom, hoe nader kom ons aan mekaar. Hoe meer ons vir God lief word, hoe meer word ons vir mekaar lief.

Ons gee saam hoe langer hoe meer ons lewens en huwelike aan Hom oor. Hy verlos ons van ons eie selfsugtige wêreldjie. As ons dit doen, sal Hy Sy liefde in ons lewens laat ontvlam en ons help om mekaar al meer met Sy liefde lief te hê.

Hoe lyk dié liefde?

### **Hoe lyk liefde?**

#### **Liefde is ... Jesus Christus.**

**Liefde is.... om te dien.** Dit is om nederig te wees en my maat hoër te ag as myself. Liefde was voete en nie koppe nie. Hoor wat sê die Here hieroor in Joh 13:14: "As Ek, wat julle Here en julle leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was."

Met die liefde van God in beheer, gaan dit nie langer oor my belange en behoeftes nie. Ander, soos my huweliksmaat, se behoeftes is belangriker as my eie. Ek vra nie wat kan ek kry nie, maar wat kan ek gee?

**Liefde is ..... onvoorwaardelik.** Liefde is nie: as jy ....dan sal ek nie. Liefde is nie 50/50, gee en neem nie. Liefde is gee en gee. Dit verwag niks terug nie. Ek het jou lief nie ter wille van wie jy is nie, maar ten spyte van wie jy is.

**Liefde is ... om op te offer ter wille van die voordeel van ander.** Liefde is bereid om jou lewe te gee.

**Liefde is.... sonder vrees vir die oordeelsdag.** Jesus Christus het versoening tussen my en God bewerk. Ek het hom aangeneem as Redder. My sonde is vergewe. Daarom is daar nie meer enige straf om te vrees nie.

**Liefde is sigbaar.** Liefde is vir alle mense. Dit begin by medegelowiges en kring van daar af uit. Ons lees in Joh 4:20-21: "As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê."

Om te weet of jy werklik liefhet, gaan meet jou liefde daaglik aan die van Jesus Christus. Vra jouself af: "Het ek lief soos Jesus Christus my liefhet?"

### **Wat is die doel van liefde?**

Ons lees in 1 Joh 4:11-12: "Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik."

Niemand het God nog ooit gesien nie. God se liefde het eenmaal sigbaar geword in Jesus Christus se liefdesdaad vir ons. Sy liefde word vandag sigbaar in ons as sy kinders se liefde vir mekaar.

As mense vir jou vra hoe God se liefde lyk, moet ons as Geesvervulde kinders van die Here antwoord:

"Kyk na my liefde vir my huisgesin, medegelowiges en die wêreld."

Deur my en jou, as God se fontein van liefde, moet sy liefde sigbaar word.

### **Afsluiting**

Ons sal saam met Salomo moet erken dat ons nie verstaan hoe die liefde werk nie. Ons verstaan nie hoe liefde werk nie, want liefde is nie mensgemaak nie. Liefde is Godgemaak.

Maar hiervan is ons wel seker: God is liefde. Alle ware liefde kom van God. Omdat liefde van God uitvlam, plaas Hom in beheer van jou lewe en huwelik. Steek daaglik by Hom aan. Ken Hom in alles wat jy doen. Dien Hom voluit. Dan sal God Sy liefde in jou lewe en huwelik laat vlamvat sodat ons mekaar kruisgroot sal kan liefhê.

Amen